# Kareeberg Munisipaliteit

**06/2023 KWOTASIES: REHABILITASIE STORTINGSTERREIN, CARNARVON**

Skriftelike getekende kwotasies word hiermee ingewag vir die rehabilitasie van Carnarvon stortingsterrein. Kwoteerders moet duidelik aandui

- Met watter masjienerie die werk gedoen gaan word,
- Hoe dit gedoen gaan word en
- uur tarief van masjienerie,
- asook die beplande tydsduur om projek af te handel

'n Verpligte terreininspeksie sal ter plaatse geskied op **Woensdag, 25 Januarie 2023 om 10:00**
.

**Die bewys van registrasie by die Sentrale Verskaffer Databasis moet aangeheg wees. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie. Die ingevulde vorms MDB 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Pryse en punte word in aggeneem met beoordeling van kwotasies.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIE: REHABILITASIE STORTINGSTERREIN - CARNARVON** " moet die ondergetekende voor of op **Vrydag, 3 Februarie 2023** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. P LESERWANE**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

20 Januarie 2023

L8.2.1

Noordwester, 20 Januarie 2023